# 1 Hennie was homself





SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 1 2017/10/25 12:59 PM



Kyk hoe vuil is Hennie. Hy hou nie van was nie. Hy hou nie van hare was nie.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 2 2017/10/25 12:59 PM



Hy hou nie van gesig was nie. Hy hou nie van tande borsel nie.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 3 2017/10/25 12:59 PM



"Gaan was jouself, Hennie!" sê sy ma.




SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 4 2017/10/25 12:59 PM



"Gaan was jouself, Hennie!" sê sy pa.




SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 5 2017/10/25 12:59 PM



Hennie begin homself was.
Hy was sy hare.
Hy was sy ore.
Hy was sy arms.
Hy was sy bene.
Hy was sy gesig.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 6 2017/10/25 12:59 PM



Nou lyk Hennie skoon en vars.
"Kyk net!" sê sy ma.
"Kyk net!" sê sy pa.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 7 2017/10/25 12:59 PM




Hennie val in die modder. Nou is hy weer vuil.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 8 2017/10/25 1:00 PM

# 2 Dinge wat my bly maak






SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 9 2017/10/25 1:00 PM



Toe ek klein was, wou ek skool toe gaan.
Ek was te klein.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 10 2017/10/25 1:00 PM



Ek wou graag baie maats hê. Ek het geen maats gehad nie.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 11 2017/10/25 1:00 PM



Ek wou graag 'n hondjie hê. Ek was te jonk om mooi vir 'n hondjie te sorg.



Ek wou Afrikaans praat. Ek kon nog nie Afrikaans praat nie.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 13 2017/10/25 1:00 PM



Ek is nou in Graad 3.

Ek het nou baie maats. Ek het goeie maats. Ek is baie bly.




SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 14 2017/10/25 1:00 PM




Ek verjaar vandag. Ek is nou 10 jaar oud. Ek het 'n hondjie gekry. Ek het ook 'n boek gekry. Die boek leer my hoe om vir my hondjie te sorg.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 15 2017/10/25 1:00 PM



Dankie, Thabo. Dankie, Nomsa. Dankie vir my geskenke. Ek is nou baie bly. Ek is in die skool. Ek het goeie maats. Ek het 'n hondjie en kan Afrikaans praat.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 16 2017/10/25 1:00 PM

# 3 Ons gee om





SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 17 2017/10/25 1:00 PM



Jan plant 'n boom. Hy gee om vir die natuur.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 18 2017/10/25 1:00 PM



Ons gee om vir ons familie. Jan gee om vir sy ouma. Gugu gee om vir haar sussie.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 19 2017/10/25 1:00 PM



Pumla tel rommel op. Sy hou van 'n skoon speelgrond.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 20 2017/10/25 1:00 PM



Jabu en Sam tel vullis langs die rivier op. Hulle hou van skoon riviere.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 21 2017/10/25 1:01 PM



Lulu neem haar siek hondjie DBV toe. Sy gee om vir haar hond en kyk mooi na hom.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 22 2017/10/25 1:01 PM



Die veld brand. Bongi bel die brandweer. Sy gee om vir die natuur.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 23 2017/10/25 1:01 PM




Ons gee almal om vir ons wêreld.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 24 2017/10/25 1:01 PM

# 4 Ons doen inkopies





SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 25 2017/10/25 1:01 PM




Gugu se mamma vra haar om winkel toe te gaan.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 26 2017/10/25 1:01 PM



Mamma gee vir Gugu 'n inkopielys en geld. Gugu en Jana loop winkel toe.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 27 2017/10/25 1:01 PM




Gugu lees haar inkopielys. Sy soek die brood en die eiers. Sy het ook seep nodig. Gugu se hande raak vol.




"Verskoon my," sê Gugu. "Waar is die toiletpapier? Hoeveel kos die toiletpapier?"

"Verskoon my, waar is die melk? Hoeveel kos die melk?"



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 29 2017/10/25 1:01 PM




"Ek het spinasie nodig. Hoeveel kos die spinasie?"

"Ek het appels nodig. Hoeveel kos die appels?"

"Ek het aartappels nodig. Hoeveel kos die aartappels?"



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 30 2017/10/25 1:01 PM






SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 31 2017/10/25 1:01 PM




Mamma kom by die winkel aan.

Gugu is bly, want nou kan sy betaal.

"Ek is so moeg," sê Gugu. "Ek was vandag so besig!"



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 32 2017/10/25 1:02 PM

# 5 Die skoonste skool op die dorp



Vandag hou ons 'n skoonmaak-kompetisie by die skool.
"Ek hoop ons wen," sê ons skoolhoof.
"Ek hoop ons wen," sê ons juffrou.
"Ons hoop ons wen," sê al die kinders.




SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 33 2017/10/25 1:02 PM



Ons maak die tuin skoon. Ons trek die onkruid uit. Ons maak die speelgrond skoon.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 34 2017/10/25 1:02 PM



Ons maak die kombuis skoon.
Ons was die potte.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 35 2017/10/25 1:02 PM



Ons was die vensters. Ons vee die klas uit. Ons maak ons banke skoon. Ons pak al die boeke reg.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 36 2017/10/25 1:02 PM




Ons maak die sypaadjie skoon. Ons tel die rommel by die bushalte op.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 37 2017/10/25 1:02 PM




Nou is ons skool mooi skoon. Ons is reg vir die kompetisie.




SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 38 2017/10/25 1:02 PM



"Mooi, Lesedi-Laerskool! Julle wen die eerste prys," sê die burgemeester. "Julle gaan almal saam dieretuin toe!"



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 39 2017/10/25 1:02 PM



Hier gaan ons! Daar is een bus. Daar is twee busse. Nee, daar is drie busse. Almal is op pad dieretuin toe.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 40 2017/10/25 1:02 PM

# 6 Maande en die weer






SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 41 2017/10/25 1:02 PM



Wanneer verjaar jy? Ek verjaar op 22 Julie. Dit is in die winter. Dit is baie koud en die bome is kaal.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 42 2017/10/25 1:03 PM



Wanneer verjaar jy? Ek verjaar op 5 Desember. Dit is in die somer. Dit is baie warm en dit reën. Alles is dan groen.




SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 43 2017/10/25 1:03 PM



Wanneer verjaar jy?
Ek verjaar op 3 Mei. Dit is in die herfs.
Die dae is koel en winderig. Die blare van bome verkleur en val af.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 44 2017/10/25 1:03 PM



Wanneer verjaar jy?
Ek verjaar op 6 September. Dit is in die lente. Die dae is warm en sonnig. Die bome kry nuwe, groen blare.



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 45 2017/10/25 1:03 PM



Wanneer verjaar jy?
Ek verjaar vandag!



SAL_Gr3_BB1_Afrikaans.indd 46 2017/10/25 1:03 PM



Dit reën en daar is 'n storm. Die wind waai en dit is baie koud.
Kom ons hou partytjie!

Die weer rommel,
die weer rommel.
Hoor jy ook? Hoor jy ook?
Kyk hoe val die druppels,
kyk hoe val die druppels.
Ek is nat, papsopnat!
(Sing op die wysie van "Vader Jakob".)

